Uitgawe / Issue 75

# Protea Nuus / News

October / November 2025



Foto Hester du Toit

# Sosiale komitee

Dit is lente!

Lente bring ‘n gevoel van nuwe lewe en rustigheid. Lente bring baie herinneringe terug. Baie van ons het in Pretoria se strate gestap en gehoop ‘n Jakarandablommetjie val op jou kop. Dit het beteken dat jy jou eksamen gaan slaag.

Ons Protea se tuine is so ongelooflik mooi.

Teen die tyd wat hierdie nuusbrief verskyn, het ons ‘n heerlike erfenisdag braai in Protea se groot tuin gehad. 110 Inwoners het saam gekuier en die lente geruik en gevoel.

Ons het op Tuindag, wat ‘n Sondag was, in die tuin geëet en gekuier.

‘n Mooi tuin kom nie vanself nie. Dis harde werk en verg baie beplanning. Dankie aan almal wat hul tuine so mooi maak so ook die oord se tuin. Kom ons geniet mekaar se tuine.

Kuier met jou bure in jou tuin

Pluk ‘n bossie blomme uit jou tuin en gee dit vir jou bure.

Protea Kuier.



# Uit die kantoor

## A Cheerful Note to Our Dear Residents

Dear Friends,

We know you’d like things right away,
Preferably done yesterday.
The kettle fixed, the light bulb too,
And yes, we’ve seen that squeaky shoe.

But here’s the truth (please don’t be cross),
We don’t have magic, just a boss.
We’ll get to you - we truly care,
But sometimes patience saves despair.

Think of it this friendly way:
We’re juggling needs all through the day.
If each request jumps to the front,
We’d all collapse (and that’s no stunt!).

So breathe, relax, enjoy some tea,
Your turn will come - just wait and see.
We’ll meet your needs, both big and small,
With humour, kindness, care - for all.

With warm smiles (and maybe plasters),
Your ever-busy, loyal staffers.



# Kuier en Speel




Die onlangse “Kuier en Speel” was 'n heerlike middag gevul met lekker lag en kameraadskap. Gaste het gretig deelgeneem aan 'n lewendige bingo-speletjie, elke nommer het afwagting en opwinding regdeur die saal ontketen. Die note raai het nog 'n hele ander vermaak bygevoeg, terwyl deelnemers probeer het om gewilde wysies en melodieë te identifiseer, wat vriendelike kompetisie en vreugdevolle oomblikke veroorsaak het. ”Musical Chairs” met bordjies eetgoed het net soveel pret verskaf ten spyte van sommiges se verwarring.

Danksy die ruim borgskap van Wilgers Apteek is 'n verskeidenheid pryse toegeken, wat die geleentheid nog meer onvergeetlik maak. Die deurdagte beplanning deur die sosiale komitee het 'n verwelkomende atmosfeer verseker waar almal ingesluit en gewaardeer gevoel het, wat spesiale herinneringe geskep het vir almal wat dit bygewoon het.



# Pannekoekday



Pannekoek Day at Protea Retirement Village was a delightful celebration of community and comfort, lovingly arranged by the Social Committee. The dedicated team of "Bakers and Shakers" kicked off the morning bright and early, preparing fresh “pannekoek” with the batter generously sponsored by Willow Way Spar.

By 11 o’clock, the aroma of warm pancakes filled the air as residents and guests gathered for a cosy mid-morning treat. With steaming cups of coffee and tea in hand, everyone enjoyed the welcoming atmosphere, lively conversation, and the simple joy of sharing good food together. It was a heartwarming event that brought smiles, laughter, and a true sense of togetherness to the village.













# Baie Geluk!!





Wat 'n besonderse oomblik! Die verering van Jopie Koen (dogter van Hettie Brits huis 122) by die Voortrekkermonument, met haar naam wat vasgemessel is op 'n plaatjie in die FAK Liedjietuin, is 'n eer wat diep resoneer met ons kultuur en geskiedenis. Dit is nie net 'n erkenning van haar bydrae nie, maar ook 'n blywende nalatenskap in Suid-Afrika se erfenis.

Om so 'n eer te behaal is baie moeilik, want dit kom nie uit prestasie alleen nie, maar uit 'n lewe van betekenis, diens en impak. Jopie se nalatenskap is uniek. Die feit dat haar ma hier 'n inwoner is, maak die oomblik nog meer betekenisvol vir die gemeenskap van Protea Aftree-oord, deur Jopie se toedoen kan Protea inwoners opvoerings in die Pierneefteater teen 'n spesiale prys bywoon. Jopie van ons kant ook baie geluk!

## *Nell Gerber*



Nell Gerber huis 73 het onlangs haar negentigste verjaardag gevier, omring deur haar twee kinders, agt kleinkinders en vyf agterkleinkinders - 'n bewys van haar blywende nalatenskap. Nell, gebore in Potchefstroom, het op skool op handelsvakke gefokus en haar loopbaan as sekretaresse by die Departement van Landbou begin. Skoonheid, mode en modellering, Geïnspireer deur Emsie Schoeman, het Nell kursusse in skoonheidswetenskap en modellering voltooi en 'n diploma verwerf om ander op te lei. Sy het gevorderde programme in Pretoria en Johannesburg bygewoon, as konsultant vir Justine gewerk, haar eie modelskool gestig en ontwerpe vir die SA Wolraad en 'n klerefabriek bygedra.

In die vroeë 1970's het Nell "Justinells" in Bloemfontein bekendgestel en werkswinkels in etiket, postuur en loopplank vaardighede aangebied. Haar kursusse het voorsiening gemaak vir kinders, tieners en tuisteskeppers wat daarop gemik was om selfvertroue en eiewaarde te bou. Terwyl sy haar modelskool na-ure bestuur het, het Nell as sekretaresse by Santam-Bank (later Trust Bank) gewerk en tot vroeë aftrede voortgegaan. Vir byna vyf dekades het sy aktief gebly in mode- en gesinslewe en ook tyd aan naaldwerk en tuinmaak gewy. Nell was betrokke by welsynswerk en streef daarna om ander op te hef en te motiveer.

Sy onthou met liefde haar jeug in Potchefstroom en het gereeld praatjies by plaaslike onderwysinstellings gelewer. Die geheim van lang lewe Nell skryf haar lewenskragtigheid toe aan 'n positiewe ingesteldheid en gebalanseerde leefstyl.



Haar leuse - Carpe Diem - weerspieël haar benadering tot die lewe: om geleenthede met dankbaarheid en geloof aan te gryp.

## *Borskanker-bewusmakingsmaand*

“Ma, as Ma tyd het, sal Ma nie asseblief vir die tannies daar in die aftree oord vra of hulle nie vir ons lappe wil sny nie?” (Nou val ek myself eers in die rede: Alle Ma’s ly mos die een of ander tyd aan AS-MA. Jy weet, as Ma vir my die kinders by die skool kan gaan haal, of as Ma net gou vir my Nina se skoolrok korter kan maak, of as Ma net dit of as Ma net dat kan doen. So hou die lysie van ASMA aan en aan.)

Wel, Oktober is mos borskanker-bewusmakingsmaand. Bettie Bandana, ‘n niewinsgewende organisasie waaraan my dogter behoort het 25 rolle pienk lap gekoop om om bome in Pretoria en Witbank te draai. Elke lap moet in twee meter stukke gesny, gevou en verpak word. Daarna word dit verkoop aan maatskappye wat dit op hulle beurt om die bome draai om mense bewus te maak van borskanker.



Op Woensdag 10 September daag agt entoesiastiese dames, gewapen met vlymskerp skêre by die saal op. Mens kan sien dis raakvat hande want hulle girts deur die materiaal soos blits. Die dames wat vou en verpak moet hulle storie ken om by te bly. Binne ‘n uur en paar minute is alles netjies afgehandel.

Tog is dit het einde niet! Die pienk lappe moet in ons straat om die bome gedraai word. Dis stokou, enorme groot bome. Jeff staan gereed om die affêre op film vas te lê. ‘n Paar mans kom hand bysit, elkeen met raad en daad. Dit rek en strek en stoei maar na ‘n ruk kry elke lap ‘n plek. Ons kry selfs hulp van ‘n vreemde jong man. Toe hy hoor waaroor die pink lappe gaan, verseker hy ons dat hy beslis die aand seker gaan maak dat sy vrou nog ‘gesond’ is.



Dit is ons plig om almal bewus te maak van die mees algemene kanker onder ons vrouens, al is dit om ons pragtige bome vir ‘n maand lank te ontsier met pienk lappe. Baie dankie aan almal wat gehelp het met die projek. Protea inwoners is ware staatmakers.

Christelle





# Ons Plek Kleinfontein Kleuterskool



Annatjie Jacobs het gedurende die wintermaande vir die klein kindertjies mussies gebrei en by Kleinfontein gaan aflewer. 'n Kleuterskool is vroeër in die jaar begin en daar is 'n behoefte aan speelgoed en potlode en kleurkryte. As enige iemand wil help' voel vry om Annatjie of Kleinfontein self te kontak.

*"Ek stuur gou vir Tannie n paar foto's van die kleintjies by Ons Plek Kleinfontein kleuterskool met Tannie se mussies op. Weereens baie dankie Tannie!"*







Protea Aftreeoord facebook blad

https://www.facebook.com/share/195pRn43nt/

**Neem asseblief kennis / Please note:**

**Verandering van e-pos / change of email address**

Alle bydraes moet gestuur word na:

All contributions must be sent to:
nuusbrief@proteawilgers.co.za

WhatsApp messages can be sent to 071 370 3283
This newsletter is also available in pdf format.
Hierdie nuusbrief is ook beskikbaar in pdf formaat.

**Redaksie**

Samesteller: Cecile Vermeulen

Medewerkers:

Karen Mouton / Carla Müller

Proeflesers Afrikaans: Erika Fouché, Joey Benadie

Proeflesers Engels: Brenda Blignaut, Frances de Souza.

## Noodnommers

**Kantoor: 012 807 1963**

**Paxton: 012 365 3320**

**Sr.Thabiso Hlongwe : 060 767 8718**

**Nagverpleegster: 060 767 8718**

**Critical Care: (Ambulans) 061 875 0307**

**Elna (Bethesda spyseniers) 072 844 3917**

**Haarkapster: Melanie Senekal 082 857 0151**

**Naeltegnikus: Gloria Mampane 062 214 0745**

**Comsafe: 086 014 1516**

**Hek Fase 1: 068 573 6196**

**Hek Fase 2: 081 347 4387**

**Garsfontein Polisie: 012 472 0144**

**Hannes (na-ure)* 082 924 0222**


***slegs noodgevalle asseblief!**

# *Ons hondekinders*



Penny is 'n bang, skugter, shelter hondjie. Sy woon in Huis 60 by Estelle de Bruin in Fase 1.

Sy hou van uitstappies en kuier by ander inwoners, as sy hulle ken.



Ek is Pippie Smith die pug. Ek is ‘n 10 jarige dame, al grys, en pas by die meeste mense in die omgewing. Ek en my ma bly in huis 50.



Marie Hermann huis 9 en haar hondjie Trixie



Hamish found his favourite Friend in the Protea Village called Gypsy Smith from unit 55 a few years ago.



Gabi & Patrick from Unit 11
This is Hamish our beloved pet since 2nd Jan 2019. We found him waiting for a home @ Waltloo SPCA, at the time his age was estimated to be around 3 years. He has this calm laid back demeanour & loves his two walks a day.



Tino en Ingrid Gerstner huis 14 se worsie Noodle



Hamish and Gypsey



Roxy Kirstein Huis 22




Wagter du Plessis van


Huis 76



Bobbi die liefdevolste hondjie saam met sy mens Ankie Bonnema van huis 158




Jessie  Steyn van huis 74 is seker die bekendste hond in die oord. Sy stap gereeld saam met haar ma of Dinah deur die oord en kuier baie graag in die tuin




Tinkies Klopper van huis 68, ek is seker die kleinste in die oord maar my hart is die van 'n leeu.




Benji die hondjie van Marietjie Middleton  huis no 90



Ivy ten Krooden H142 ouderdom 17jaar en waarskynlik die oudste in die omtrek



Zara Laas van huis 98, een van die lewendigste met die kleinste stukkie aarde tot haar beskikking. So wees asb. geduldig met haar.



Scooby Gerber huis 73 is ongeveer 5 jr oud



My naam is Fifi Agenbag. Ek is 13 Jaar oud en ek bly van verlede jaar Meimaand af by my mens mamma, Annatjie Agenbag in huis 139.



Prins Liebenberg, die dag wat ek hier by Protea ingetrek het  was 9 September 2023, in huis 38. Hier sit ek op die bank op ons stoep saam met my oorlede Pa, Heinie en my Ma Louisa. Ek is 14 jaar oud en ek verjaar op 7 Februarie. Ek is 'n opregte Blue Roan Cocker Spaniel. (*met die afhandeling van hierdie uitgawe was Prins reeds saam met sy pappa in die hemel)*

## Ontspanningslokaal



Voor Covid was daar ‘n baie lewendige Canasta groep wat in die sysaal gespeel het. Toe verander alles ... die vrolike kaartmiddae het doodgeloop. Tot onlangs het groepies van vier hier en daar probeer om by mekaar se huise te speel, maar dit was nie altyd ideaal nie.

Die behoefte is raakgesien en die Trustees het aangebied dat ons 'n ruim spasie in die sorgsentrum kan gebruik vir kaartspeel. Hannes en sy span het die plek uitgeverf en opgeknap, selfs 'n paadjie van die braaiarea na die ingang langs die groen Jojo-tenk gemaak vir veilige toegang. En siedaar 'n heerlike bymekaarkomplek vir kaartverslaafdes!



Ons is tans twee tot drie groepe van vier wat speel, maar daar is spasie vir vier, selfs vyf tafels. Ons speel op Maandag- en Vrydagmiddae om 14:00. Ons doen 'n beroep op meer mense om by ons aan te sluit. Dit is nie lekker om op te daag en daar is nie genoeg spelers om 'n groep te vorm nie. Daar is ook 'n legkaarttafel en ander speletjies soos Scrabble, Monopoly, Rummikub en ander kaartspeelopsies. Ons speel gewone Canasta en Sevens.

Sodra daar 'n meer gevestigde groep van 12 tot 16 is, kan ons onderhandel om op ander dae te speel as dit die meerderheid beter pas. Dit is 'n baie gesellige samesyn. As jy nog huiwer of dit vir jou is, kom maak asseblief 'n draai en gee dit 'n kans. Voorstelle welkom.

Hoe meer siele, hoe meer vreugde.

**Kontakpersone:** Anna-Marie Steyn (huis 74), en Erika Fouche (huis 54)





Namens almal wat die lokaal gaan gebruik... ‘n Baie groot dankie aan die span wat ingespring het om skoon te maak en die ontspanningslokaal reg te kry.

# Die krag van 'n ondersteunende vrou



Kies om op te hef eerder as om te kritiseer
In 'n wêreld waar kritiek goedkoop kom en oordeel vrylik vloei, is dit 'n daad van ware krag en genade om die vrou te wees wat kies om ander te help om reg te doen - eerder as om voortdurend hul gebreke uit te wys. Hierdie benadering koester nie net gesonder verhoudings nie, maar bevorder ook omgewings waar groei, vertroue en wedersydse respek kan floreer.

*Wees die vrou wat 'n ander vrou se kroon regtrek, nie die een wat vir die wêreld vertel hoe skeef dit is nie.*

Ondersteunende vroue is diegene wat leiding bo kritiek waardeer. Hulle verstaan dat almal, ongeag geslag of agtergrond, foute maak. Eerder as om foute te gebruik as 'n geleentheid om te verkleineer, sien hulle dit as kanse om ander op te hef en te help verbeter. Hierdie keuse gaan nie daaroor om probleme te ignoreer of standaarde te laat gly nie, in plaas daarvan gaan dit daaroor om kwessies konstruktief aan te spreek en 'n helpende hand eerder as 'n swaaiende vinger aan te bied.

Aanhoudende foutopsporing kan selfvertroue afbreek en 'n wrok kweek, tuis sowel as by die werkplek. Wanneer 'n vrou as 'n steunpilaar staan - wat oplossings in plaas van probleme uitwys - skep sy 'n veilige ruimte vir ander om hul tekortkominge te erken en hulp te soek. Dit maak haar nie beïnvloedbaar nie; dit toon eerder wysheid, empatie en emosionele intelligensie.

Die keuse om iemand te help om reg te doen, het 'n rimpeleffek. Dit bemagtig ander om inisiatief te neem, uit hul foute te leer en na beter te streef. Met verloop van tyd kweek hierdie benadering positiewe energie en versterk bande. Spanne werk meer effektief saam, gesinne kommunikeer meer openlik en vriendskappe verdiep. Die vrou wat ander oplig, in plaas daarvan om hulle af te breek, word 'n katalisator vir kollektiewe groei.

Praktiese maniere om 'n ondersteunende vrou te wees

- Luister aktief: Voordat jy 'n oordeel vel, neem tyd om die volle storie te verstaan.
- Bied konstruktiewe terugvoer: Fokus op oplossings, nie net die foute nie.
- Lei deur voorbeeld: Wys deur jou optrede hoe om terugslae of foute met grasie te hanteer.
- Vier pogings: Erken en waardeer positiewe stappe, maak nie saak hoe klein nie.
- Wees geduldig: Onthou dat verandering en groei tyd neem. Ondersteuning vereis konsekwentheid.

Baie vroue is gesosialiseer om te glo dat die uitwys van foute die vinnigste pad na verbetering is. Navorsing en geleefde ondervinding toon egter dat aanmoediging en opregte ondersteuning baie beter resultate lewer. Om die gewoonte van kritiek te verbreek, vereis bewustheid en 'n bewuste besluit om elke dag vriendelikheid en leiding te kies.

Om daardie vrou te wees wat kies om te help eerder as om foute te vind, is om leierskap in sy ware vorm te omhels. Dit gaan daaroor om 'n nalatenskap van bemagtiging na te laat, waar diegene rondom jou gesien, gehoor en gewaardeer voel. Sulke vroue word nie onthou vir die kere wat hulle fout gevind het nie, maar vir die baie oomblikke wat hulle ander geïnspireer het om hul beste self te wees.
Op die ou end is dit nie perfeksie wat mense onthou nie; dit is deernis, begrip en die bereidwilligheid om saam met ander op hul reis te stap. Mag meer vroue kies om diegene te wees wat jou help om reg te doen en mekaar op te bou tot die verbetering van almal.

"Waar die son vir jou skyn, skyn hy ook vir jou bure. Deel die lig, nie die klagte nie."

# *In Memoriam*

Ons innige meegevoel en simpatie met die vriende en families van die volgende mense wat gedurende Augustus en September oorlede is.



**Sheridan Atkins** #126
(15.09.1934 - 18.09.2025)
Sheridan sadly died on Monday 18 September 2025. To all his family and friends our sincere condolences



**Heinie Liebenberg** (02.02.1935 - 05.08.2025)

Ek groet my liefdevolle eggenoot en beste vriend, Heinie Liebenberg. Hy is gebore in Pietersburg. Voorskool in Johannesburg en saam met 2 broers en 2 susters groot geword in die Oos-Kaap, Port St Johns en Kokstad. Daarna Paul Roos Gimnasium en tot en met Meestersgraad aan Universiteit van Stellenbosch. Tydens die volgende paar jaar doen hy navorsing by Rietondale Landbou Navorsingstasie in Pretoria en voltooi sy DSc in Sitogenetika aan UP. Hy tree af na 38 jaar as dosent aan die Universiteit van Pretoria.

Ons twee het op 9 September 2023 hier in huis 38 ingetrek en hy sterf in die Kruger Nasionale Park, op 5 Augustus 2025 na 'n paar wonderlike dae in een van sy gunsteling plekke in ons land.

Ek bedank die inwoners wat met opregte liefde en troos die afgelope twee maande vir my draaglik gemaak het.

Louisa Liebenberg



Louw van Buuren #81 is op Dinsdag 23 September oorlede.

# Saying Goodbye

## Parting with a Loved One

Under the hush of morning's gentle light,
I hold your hand - afraid to let it go,
For parting words are tangled in the night,
And heavy hearts beat soft, and slow.
Your laughter lingers in these empty rooms,
Your kindness woven through the passing days.
The world feels altered, painted in softer hues,
As memory's brush recalls your gentle ways.
Though distance grows where closeness used to be,
And silence settles where our voices played,
I carry fragments of your soul with me,
In whispered hopes that time has not betrayed.
Goodbye is not an end, but a refrain,
Echoing love that time cannot erase.
In every sunrise, joy and gentle rain,
I find a trace of you - your light, your grace.
So as I turn and walk this path anew,
I do not leave you wholly in the past.
For love persists in all I think and do -
A bond unbroken, present, strong, and vast.

# Erfenisdag/ Braaidag
# 24 September 2025











Op ‘n koel en amper reënerige Woensdag, 24 September, het die inwoners vroeg-vroeg hulle tafels gemerk en gedek vir ‘n heerlike braai. Die kampkommandant en braaimeesters het ook vroeg begin om die vure aan die gang te kry sodat alles glad kon verloop.

Vleis is gebraai en elkeen kon sy bord neem en homself bedien met heerlike krummelpap, sous, worsies en hoendersosaties – danksy die goeie beplanning en administrasie van die kampkommandant.

As gevolg van ‘n glips by die slagter is die vleis aanvanklik verkeerd afgelewer, wat vir ‘n oomblik verwarring veroorsaak het. Gelukkig het die op-en-wakker sosiale komitee vinnig opgetree, en die beesvleissosaties is later korrek afgelewer.

Ten spyte van die klein teëspoed het almal meer as genoeg geëet en heerlik gekuier.

**Baie dankie aan almal vir julle harde werk en ondersteuning!**

# Verjaardae / Birthdays

## Oktober

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7 | 11 | Patrick | Silvester | 082-888-0411 |
| 7 | 23 | Willem | Botha | 076-619-4202 |
| 7 | 110 | Henta | Jordaan | 072-997-1226 |
| 8 | 41 | Rina | du Preez | 072-237-0613 |
| 8 | 78 | Antoinette | Drotsky | 083-456-1481 |
| 9 | 72 | Maggie | Kotze | 071-370-3283 |
| 12 | 79 | Ilse | Petrick | 071-435-7780 |
| 14 | 69 | May | Dorling | 084-560-3131 |
| 15 | 14 | Tino | Gerstner | 084-841-5798 |
| 15 | 140 | Dirk | Human | |
| 19 | 108 | Trevor | Hardwick | 083-299-5969 |
| 20 | 105 | Leonora | Le Roux | 082-768-4916 |
| 23 | 53 | Francois | de Bruin | 072-838-7250 |
| 23 | 81 | Rina | Van Buuren | 073-216-5050 |
| 24 | 85 | Brenda | Blignaut | 082-210-7630 |
| 28 | 77 | Hans | Kamminga | |
| 30 | 154 | Pat | Verner | 084-250-3212 |
| 31 | 34 | Magda | du Toit | 082-564-5061 |





## November

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 24 | Marinell | J van Rensburg | 082-453-8632 |
| 2 | 131 | Estelle | Grobbelaar | 076-873-9222 |
| 4 | 83 | Waldtraut | Oellermann | 083-660-4908 |
| 5 | 76 | Mara | du Plessis | 082-403-8000 |
| 7 | 28 | Hans | Kruger | 082-731-8504 |
| 8 | 55 | Helen | Smith | 083-483-2321 |
| 8 | 124 | Gesine | Buiten | 082-850-3840 |
| 11 | 75 | Allen | Lourens | 082-784-3449 |
| 12 | 144 | Trompie | du Toit | 082-3771873 |
| 18 | 22 | Annamarie | Kirstein | 073-669-6359 |
| 18 | 38 | Louisa | Liebenberg | 082-510-2765 |
| 19 | 10 | Dana | Muller | 083-650-6738 |
| 19 | 30 | Hester | du Toit | 082-703-6429 |
| 24 | 140 | Kobie | Human | |
| 25 | 119 | Eddie | Liebenberg | 072-893-4252 |
| 26 | 67 | Annatjie | Jacobs | 083-566-2315 |
| 30 | 130 | Hendrik | Greyling | 082-468-4710 |
| 30 | 137 | Elize | Pretorius | 073-021-9180 |
| 30 | 137 | Roelf | Pretorius | 073-021-9180 |

## Desember

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 54 | Erika | Fouché | 083-264-4981 |
| 4 | 121 | Jeanine | Van Dijkhorst | 072-249-1265 |
| 5 | 124 | Erik | Buiten | 083-325-8159 |
| 8 | 89 | Connie | Verster | 071-052-1039 |
| 13 | 133 | Chris | Semmelink | 079-872-6069 |
| 18 | 49 | Pierrette | Hamman | 076-843-5401 |
| 18 | 145 | Rean | Lombard | 079-495-2048 |
| 19 | 122 | Hettie | Prinsloo | 082-716-2641 |
| 24 | 123 | Cornelia | Groenewald | 072-458-1950 |
| 24 | 138 | Margaret | Smit | 083-754-8197 |
| 25 | 156 | Marlisa | Smit | 082-820-0570 |
| 27 | 129 | Cecilia | Penzhorn | 083-457-4336 |
| 29 | 129 | Waldo | Penzhorn | 083-301-4994 |
| 29 | 151 | Edmundia | Louw | 083-309-9892 |



# Aan al die poppie breiers in Pretoria

“Dankie” is so 'n klein woordjie, maar vandag moet dit genoeg wees om waardering uit te spreek vir al die liefde en moeite wat julle ingesit het om elke poppie te brei. Ons weet hoeveel beplanning en tyd en sorg daarin gaan. Dit is altyd vir ons 'n verrassing as ons 'n pakkie oopmaak en na al die verskillende poppies kyk.

Hier by ons praktyk in Klerksdorp gee ons vir elke pasiënt wat hulle bestraling voltooi 'n poppie as afskeidsgeskenk. Ons sê altyd vir die pasiënte dat ons nie meer 'n ogie oor hulle kan hou nie, maar ons gee 'n poppie saam wat nou mooi na hulle sal kyk. Ons soek altyd een uit wat so half by elke pasiënt pas. Ons het al baie trane afgedroog as ons daardie poppies oorhandig.



Ons weet wol is duur, en dit neem tyd om te brei. Daarom is ons opreg dankbaar vir spesiale mense soos julle wat help om hierdie tradisie van ons aan die gang te hou.

Elke tree skets 'n verhaal waar ons was en waarheen ons mag gaan:

Ons kyk terug en is Dankbaar.

Ons kyk vooruit en is Hoopvol.

Ons kyk boontoe en is Gerus.

Dankie dat julle kosbare mense op ons lewensreis is!

Groete

Die Radioterapeute by Wilmed Park Onkologie

*“Ons gaan op ons knieë en sê: Dankie Heer vir alles wat ons het en die kosbare mense in ons lewe”* *Skrywer onbekend*

**DAK ROES OOR EENHEDE 137 en 138**

Baie - baie dankie Hannes en sy span Bafana, Reuben en Sifiso wat gedurende September die motor-afdakke oor Eenhede 137 en 138 heeltemal " nuut " oorgedoen het - Die twee die dakke was baie geroes. Alles is afgekrap, (bo en onder), goed behandel vir toekomstige roes en heeltemal (bo en onder), fassie borde, geute en al die balke oorgeverf. Daar is vyf dae baie hard gewerk!
Uitstekende en deeglike werk is gedoen.
Nogmaals baie dankie aan Hannes en sy span.
Roelf en Elize Pretorius
Eenheid 137
23 September 2025.

*(So jammer ons kan Hannes nie kloon vir al die werk nie, so ons moet maar almal geduldig wees.)*









# Wilgers Apteek


ARRIE NEL

Familie Waardes

APTEEKGROEP

Waarde vir die hele Familie!

*Waar jou Familie deel van ons Familie word*




## Jou Familie Apteek

### Gratis Aflewering

## Borg graag hierdie Uitsonderlike Nuusbrief vir Protea Aftree Oord

**Maak Ons Familie Apteek Jou Apteek**

Skakel ons by : 012 807 5182

Epos : wilgers@arrienel.co.za

Watsup Bestellings
072 874 0744

Maandae—Vrydae
8:30-19:00
Saterdae
8:30-15:00
Sondae
9:30-12:30

